

 Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging	Posbus 902 HARTENBOS 6520
Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaars Vereniging ...vir die lede	Tel.: 071 784 5275 E-pos: status1@status-mark.co.za www.hartenboshuiseienaars.co.za

NUUSBRIEF SEPTEMBER 2026

Geagte Lede,

Weereens 'n vriendelike groet van die bestuurspan.

Die lente het aangebreek en ons sien alweer Oktober, ons mooiste maand, tegemoet. Ons vertrou dat die res van die jaar vir elkeen net so mooi en genotvol soos Oktober sal wees. Om almal op hoogte te hou, wil ons die volgende punte uitlig:

1. Verantwoordelikhede van die bestuur

Werksaamhede van die HVHV-oordbestuurder: Julie/Augustus 2026	
Werksaamhede	Aantal
Besoeke aan sekuriteit	42
Patrollies in die oord	42
Monitering van kameras vir korrekte werking	62
Rapporteer straatligte wat buite werking is aan die munisipaliteit	1
Rapporteer varswaterlekkasies aan die munisipaliteit	1
Onderhoud/herstelwerk deur kontrakteurs	1
Onderhoud/herstelwerk deur eie personeel	0
Kwotasies verkry	5
Monitering van stormwateraflope tydens vloede	0
Grassnydienste elke tweede week	4
Besoeke aan diensverskaffers vir grassnydienste	17
Aandag: Reëls nie nagekom nie	41

Skade aan private eiendom gevind en aan eienaar gerapporteer	0
Bouplanne nagegaan	9
Onwettige bouwerk	0
Monitering van boupersele	4
Navrae/klagtes van lede hanteer	10
Samesprekings/skrywes met ATKV	4
Samesprekings/skrywes aan die munisipaliteit	0
Administrasie (deurlopend)	

2. Bestuurslede

Ons nader die einde van die jaar vinnig, en die Algemene Jaarvergadering is op hande. Ons doen 'n beroep op HVHV-lede om die erns van die bestuur van Hartenbos Vakansiedorp te besef, hul ervaring, vaardighede en idees met ons te deel, en deel te word van 'n bestuur wat in 2027 en daarna 'n werklike verskil wil maak deur die behoeftes van ons 403 lede eerste te stel.

3. Sekuriteit

Die sekuriteitsdienste het die afgelope tyd beduidende veranderinge ondergaan, veral in die hantering van personeel- en HVHV-sekuriteitsaangeleenthede.

Ons wil u daarop wys dat die sekuriteitstelefoonnommers verander het. Die nuwe nommers is soos volg:

Kantooradministrasie

Tel.: +27 64 938 4191

E-pos: hartenbos@smhart.co.za

Beheerkamer

Tel.: +27 64 938 4102

Eienaar

Carl Trahms

Tel.: 082 414 9053

JJ Fivaz

Areabestuurder

Tel.: +27 69 006 3118 / +27 64 938 5189

Alan Campbell – Verkoopsverteenwoordiger

Tel.: +27 64 938 4264

Rudi Enslin

IT-tegnikus

Tel.: +27 64 938 4128

Stephen Vermeulen

Tegnikus

Tel.: +27 64 938 4267

Reaksievoertuie

H1 – ATKV

Tel.: +27 64 938 4043

Reaksievoertuig H2 – Strydomsoord, Karoodorp en 194

Tel.: +27 64 938 4220

Reaksievoertuig H3 – Bayview, Die Heuwels en Voorbaai

Tel.: +27 64 938 4170

4. Vullisverwydering en die plasing van vullissakke

Vullissakke bly steeds 'n kopseer. Die sakke word tans soos volg verwyder: Maandae: groen sakke; Dinsdae: swart en blou sakke.

Ten spyte van die vermelde tye word sakke steeds reeds van Dinsdagmiddag af tot saans voor sonsondergang, op die dag vóór die verwydering, uitgeplaas.

Tussen 8 Julie 2026 en 7 Augustus 2026 is 17 waarskuwingsbriewe aan eenaars gerig ingevolge klousule 11 van die Algemene Gedragsreëls, weens oortredings van subklousules 8.3 en 8.4 (sakke wat vanaf die pad sigbaar is of ontydig uitgeplaas word). Benewens hierdie briewe was daar 15 gevalle waar sakke só uitgeplaas is dat die verantwoordelikes nie geïdentifiseer kon word nie.

Hoewel elke eenaar verantwoordelik bly vir die uitplasing van sy/haar eie vullissakke, asook dié van gaste, het die bestuur onderneem om weer ondersoek in te stel na 'n moontlike oplossing.

5. Feeste by die amfiteater

Die organiseerders van Afrikaans is Groot het voorgestel dat tydelike toilette tydens feeste aan die noordekant van die 4x4-baan, tussen die westelike heining van die amfiteater en Nic Meyerstraat, opgerig word. HVHV-lede van Nic Meyerstraat en die bestuur het dit teengestaan; daar is dus daarvan afgesien.

Daar word nou gekyk na 'n meer permanente oplossing vir toiletgeriewe aan die oorkant van die amfiteater, by die Feeshuis-toilette aan die kant van terrein F.

Die area tussen Nic Meyerstraat en die amfiteater sal as parkeerplek vir kunstenaars en personeel van Afrikaans is Groot (AIG) gebruik word. Volgens berigte sal die area netjies afgespan en bedek word met Afrikaans is Groot-advertensies. Dit behoort die klank te demp sodat inwoners so min as moontlik gepla word.

Verkeersbeheer sal deur beamptes van Afrikaans is Groot by Nic Meyerstraat en Sandrivier behartig word.

Die nooduitgang sal aan die Strydomsoord-kant van die amfiteater wees en deur Smhart Sekuriteit gekoördineer word.

Die klankvlak sal beheer word en sal nie 62,5 desibel oorskry nie.

Ons stel u graag in kennis van die program wat vir die ATKV-amfiteater beplan word:

3–6 September – Sewendedag-Adventistegroep

13–19 September – Internasionale toutrekkompetisie

21–29 September – KykNet Buitelug Ekspo

1–5 Oktober – Heuwelsrus Aftreeoord Oktoberfest

3–7 Desember – Amfihart-konsert

19 Desember – Afrikaans is Groot (AIG)-konsert

20 Desember – Kerkdiens (moontlik)

24 Desember – Kersliedere by Kerslig ten bate van Hartenbos Bejaardesorg

25 Desember – Kersdiens

27 Desember – Kerkdiens (moontlik)

28 Desember – Bybelstap

29 Desember – AIG Alternatief-konsert

6. Tuindienste

Tuindienste het weens die nat weersomstandighede agtergeraak met die onkruidbespuiting. Dit is egter gedurende die week van 10 tot 13 Augustus 2026 ingehaal, en opvolgbespuiting is gedurende die week van 23 tot 27 Augustus 2026 gedoen.

7. Onderhoud van eiendomme

Weereens dankie aan eienaars wat hul eiendomme so voorbeeldig onderhou. Daar is opgemerk dat die dakke van 'n aantal huise moontlik afspuit- of verfonderhoud benodig. Ons doen 'n beroep op u om asseblief die nodige aandag aan dié dakke te skenk. By voorbaat dankie vir u samewerking.

8. Hantering van asbes

Daar is heelwat huise in die Vakansiedorp waarvan die dakke, en soms groot dele van die huis self, uit asbes bestaan. Aangesien asbes skadelik vir die mens se gesondheid is en baie huise tans gesloop, herbou of verander word, vestig ons u aandag daarop dat wetgewing vir die veilige hantering van asbes ingestel is.

Die "Asbestos Abatement Regulations, 2020", gepubliseer onder Government Notice R1196 in GG 43893 van November 2020, is die wetgewing wat die hantering van asbes voorskryf en beheer. Hierdie wetgewing moet streng nagekom word wanneer huise gesloop, verander of herstel word.

9. Beveiliging van eiendom

Ons herinner eienaars daaraan dat elke eenaar verantwoordelik is vir die beveiliging van sy/haar eiendom.

Aan die einde van Augustus 2026 was daar 'n voorval waar 'n fiets by 'n huis naby 'n openbare pad gesteel is. Die fiets was nie gesluit of vasgemaak nie.

Ons raai lede aan om nie waardevolle items sigbaar vanaf paaie of in ongeslote voertuie te laat nie. Boosdoeners soek na sulke items waar hulle min of geen bewyse agterlaat en vinnig daarmee kan verdwyn.

10. Dalmanuthalaan en Radynstraat

Die proses geniet steeds prioriteit. Alle nodige inligting is met die munisipaliteit, ATKV en die betrokke partye bespreek. Die bestuur bevestig dat die reeds goedgekeurde opdrag om formele prokureursbriewe te stuur, voortgaan. Die aangewese regsverteenwoordiger finaliseer tans die briewe, waarna dit uitgestuur sal word.

11. Beleid: Proses vir die indiening van klagtes deur HVHV-lede teen mede-HVHV-lede

Die klagteprosedure is deur die bestuursraad goedgekeur en vir implementering gesirkuleer. Ons doen 'n beroep op u om die prosedure te volg en vertrou dat dit tot voordeel van elke HVHV-lid sal wees.

12. Versekering

'n Nuwe kwotasie is aangevra en die finale premie is nog uitstaande. Die bykomende kamerapaal is by die polisrisiko ingesluit. Die vereiste registrasie- en adresinligting is aan die makelaar verskaf. Die versekering sal gefinaliseer word sodra verdere terugvoer ontvang is.

13. Finansies en begroting

Die bestuur is verheug om te bevestig dat die nuwe begroting gefinaliseer is. Die nuwe maandelikse heffing beloop R857,42.

'n Skrywe is reeds aan alle lede gestuur om hulle hiervan in kennis te stel. Lede wat die volle jaarlikse bedrag vóór 30 November 2026 betaal, kwalifiseer ook vir 'n jaarlikse korting.

Groete,
HVHV-Bestuur